SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2017

# REKENINGKUNDE

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

*XACCA*

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n 15-bladsy antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die onderstaande instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
2. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
3. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
4. Jy mag ŉ donker potlood of blou / swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
5. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| **VRAAG 1: 55 punte; 35 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekeningkundige terme, Debiteure, Interne beheer, Rekeningkundige vergelyking** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Terme; Debiteuregrootboek; Rekeningkundige vergelyking<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Beheer van debiteure |

| **VRAAG 2: 55 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Algemene joernaal, Algemene Grootboek, Interne beheer** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Hulpjoernale; Algemene Grootboek<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Beheer van handelsvoorraad |

| **VRAAG 3: 65 punte; 45 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vaste bates, Interne beheer, Inkomstestaat** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Inkomstestaat<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Vaste bates; Interne beheer oor vaste bates |

| **VRAAG 4: 40 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **AARP-beginsels, Interpretasie van finansiële state** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Terme; Interpretasie van finansiële state<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Beheer van opbrengs; finansiering en wins |

| **VRAAG 5: 30 punte; 15 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **BTW, Salarisse, Interne beheer** | **Finansiële rekeningkunde**<br>BTW-terme; Salarisjoernaal<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Bestuur van arbeid |

| **VRAAG 6: 55 punte; 35 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Kosterekeningkunde, Begrotings** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Terme; berekeninge<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Beheer van fondse |

## VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE TERME, DEBITEURE, INTERNE BEHEER EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING (55 punte; 35 minute)

1.1 **TERME**

Kies die regte woord(e) uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) uit KOLOM B langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Bates met ŉ redelike lang lewensduur | A | Bankdepositostrokie |
| 1.1.2 | Geld deur die onderneming ontvang vir dienste gelewer of verkoop van voorraad | B | Kleinkasbewys |
| 1.1.3 | Die dokument gebruik vir die aanteken van kredietverkope van goedere | C | Bedryfsbates |
| 1.1.4 | Geld deur die eienaar bygedra met die stigting van ŉ onderneming | D | Oorspronklike kwitansie |
| 1.1.5 | Die dokument gebruik vir die aanteken van klein kontantbedrae gebruik vir aankope | E | Vaste / Tasbare bates |
| 1.1.6 | Die interne dokument gebruik tydens die terugsending van voorraad aan ŉ krediteur | F | Kapitaal |
| 1.1.7 | ŉ Dokument waarop ŉ klant aandring as bewys van betaling | G | Duplikaat faktuur |
| 1.1.8 | Buitestaanders wat aan die onderneming geld skuld vir voorraad verkoop | H | Inkomste |
| 1.1.9 | Bates met ŉ kort lewensduur en waarvan die waarde voortdurend verander | I | Duplikaat debietnota |
| 1.1.10 | Die dokument gebruik wanneer kontant in die onderneming se lopende rekening inbetaal word | J | Debiteure |

(10)

1.2 **DEBITEURE**

Mary Lee Winkels is ŉ klerewinkel wat voorraad op krediet verkoop. Die inligting voorsien het betrekking op TT Rosie, ŉ debiteur.

**GEVRA:**

1.2.1 Voltooi die rekening van TT Rosie in die Debiteure Grootboek van Mary Lee Winkels. (12)

1.2.2 Watter inligting van die voornemende debiteur benodig die onderneming voordat ŉ rekening geopen word? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (4)

1.2.3 Noem TWEE metodes wat die onderneming kan toepas om die invordering van uitstaande skuld van debiteure te verbeter. (2)

Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING:**

A Uitstaande saldo van TT Rosie op 1 September 2017, R3 200

B Transaksies vir September 2017

| | |
|---|---|
| 02 | Rokke vir R1 800 op krediet verkoop kosprys R900 |
| 06 | Rokke nie volgens bestelling nie is teruggestuur, R180. |
| 09 | Ontvang betaling ter vereffening van uitstaande skuld soos op 1 September 2017. Staan 5% korting vir vroeë betaling toe. |
| 15 | Rokke vir R4 160 op krediet verkoop, kosprys R3 130. |
| 27 | Verkoop ŉ rok vir kontant R240, kosprys R170. |
| 30 | Ontvang ŉ betaling as vereffening van die helfte van die huidige uitstaande bedrag tot op datum. |

1.3 **REKENINGKUNDIGE VERGELYKING**

**GEVRA:**

Ontleed die onderstaande transaksies volgens die uitleg in die ANTWOORDEBOEK voorsien. (27)

**INLIGTING:**

**Voorbeeld: Die eienaar neem R200 kontant vir persoonlike gebruik.**

1.3.1 Handelsvoorraad op krediet gekoop, R12 500 min 5% handelskorting.

1.3.2 Betaal ŉ tydelike werker R150 uit die kleinkas.

1.3.3 ŉ Kredietklant stuur goedere aan die onderneming terug, R900 (kosprys R600).

1.3.4 Die vaste deposito verval en ŉ direkte deposito van R9 500, wat R2 500 rente insluit, is in die onderneming se lopende rekening gemaak.

**55**

# LAAT HIERDIE BLADSY OOP

## VRAAG 2: ALGEMENE JOERNAAL, ALGEMENE GROOTBOEK EN INTERNE BEHEER (55 punte; 30 minute)

Die onderstaande inligting het betrekking op AM Handelaars vir Oktober 2017.
AM Handelaars handhaaf 'n winsopslag van **33⅓%** op kosprys.

**GEVRA:**

2.1 Verwys na INLIGTING C: Teken die transaksies in die algemene joernaal aan. Omskrywings mag weggelaat word. (20)

2.2 Gebruik die inligting uit die joernale om die volgende rekeninge in die algemene grootboek op te stel en af te sluit:

- Handelsvoorraad (14)
- Krediteurekontrole (9)
- Skryfbehoeftes (6)

2.3 Wat kan die eienaar van AM Handelaars doen om te verseker dat sy personeel nie die voorraad steel nie? Stel DRIE interne beheermaatreëls voor. (6)

**INLIGTING:**

A Saldo's / Totale in die Algemene Grootboek op 1 Oktober 2017:

| | |
|---|---|
| Handelsvoorraad | 28 000 |
| Krediteurekontrole | 15 430 |
| Skryfbehoeftes | 670 |

B Totale van die joernale op 31 Oktober 2017:

Kontantontvangstejoernaal

| Bank | Debiteurekontrole | | Verkope | Koste van verkope | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| | Ontvang | Korting | | | |
| ? | 8 540 | 300 | 19 400 | 14 550 | 4 500 |

Kontantbetalingsjoernaal

| Bank | Debiteure kontrole | Lone | Handels-voorraad | Krediteurekontrole | | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Betaling | Korting | |
| 21 040 | 600 | 3 800 | ? | 7 040 | 340 | 4 200 |

- Skryfbehoeftes vir R330 is op 23 Oktober 2017 aangekoop.

Debiteure Joernaal

| Verkope | Koste van verkope |
|---|---|
| 15 488 | ? |

Debiteure-afslag Joernaal

| Debiteure-afslag | Koste van verkope |
|---|---|
| 396 | 200 |

Krediteure Joernaal

| Krediteure kontrole | Handels-voorraad | Toerusting | Skryf-behoeftes | Verpakking materiaal | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| 12 200 | 7 800 | 1 600 | 700 | 1 300 | 800 |

Kopiereg voorbehou 

Krediteure-afslag Joernaal

| Krediteure kontrole | Handels-voorraad | Toerusting | Skryf-behoeftes | Verpakking materiaal | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| 2 400 | 900 | 600 | 300 | 200 | 400 |

Algemene Joernaal

| Debiet | Krediet | Debiteurekontrole | | Krediteurekontrole | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Debiet | Krediet | Debiet | Krediet |
| | | 492 | 236 | 632 | 298 |

C Transaksies wat op 31 Oktober aangeteken moet word:

- Alan Martins, die eienaar, het skryfbehoeftes (R130) en handelsvoorraad (verkoopprys R980; kosprys R735) vir eie gebruik geneem.
- J Small, ŉ debiteur wat R430 skuld, moet as oninbaar afgeskryf word.
- AM Handelaars het nagelaat om hul skuld van R8 820 by NR1 Handelaars betyds te betaal. Rente teen 10% per jaar moet vir twee maande in berekening gebring word.
- Herstelwerk van R20 000 is aan die dak van die gebou gedoen. Dit is verkeerdelik in die Grond en Geboue-rekening aangeteken.
- A Cona het sy rekening van R400 vereffen nadat 5% korting afgetrek is. Die bank het AM Handelaars ingelig dat die kliënt onvoldoende fondse beskikbaar het en dat die tjek geweier is. Die regte inskrywing is slegs in die Kontantbetalingsjoernaal gedoen.
- R Lewis, wie se rekening voorheen as oninbaar afgeskryf is, het na ŉ buitelandse besoek teruggekeer en sy rekening van R1 250 vereffen. Die transaksie is verkeerdelik in die Debiteurekontrole kolom van die Kontantontvangstejoernaal aangeteken.

**55**

## VRAAG 3: VASTE BATES, INTERNE BEHEER EN INKOMSTESTAAT

**(65 punte; 45 minute)**

Die onderstaande inligting het betrekking op Malambo Handelaars vir die finansiële jaar wat op 28 Februarie 2017 eindig.

**GEVRA:**

3.1 **VASTE BATES**

3.1.1 Voltooi die bateregister vir voertuie en toerusting. (10)

3.1.2 Gee EEN rede waarom 'n bateregister 'n waardevolle hulpmiddel in die bestuur van bates is. (2)

3.1.3 Maak TWEE voorstelle vir die verbetering van die veiligheid van die onderneming se voertuie. (4)

3.2 **INKOMSTESTAAT**

3.2.1 Neem die aansuiwerings (INLIGTING B) in ag en stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op.
**(TOON ALLE BEWERKINGS OM DEELPUNTE TE VERDIEN.)** (43)

3.2.2 Stel die nota vir Rente-inkomste op. (6)

**INLIGTING:**

A **Uittreksel uit die Voor-aansuiweringsproefbalans:**

| Balansstaatrekeninge-afdeling | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Kapitaal | | 304 100 |
| Onttrekkings | 52 900 | |
| Grond en geboue | 150 700 | |
| Voertuie | 150 000 | |
| Toerusting | 26 500 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 26 400 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 12 500 |
| Vaste deposito: YZ Bank (15% p.j.) | 23 000 | |
| Debiteurekontrole | 17 580 | |
| Bank | 3 300 | |
| Handelsvoorraad | 31 440 | |
| Wisselgeld | 300 | |
| Verbandlening: AB Bank (18% p.j.) | | 45 000 |
| Krediteurekontrole | | 23 300 |

| | | |
|---|---|---|
| Nominale rekeninge-afdeling | | |
| Verkope | | 492 736 |
| Koste van verkope | 263 380 | |
| Debiteure-afslag | 5 890 | |
| Huurinkomste | | 16 900 |
| Rente op vaste deposito | | 3 100 |
| Verpakkingsmateriaal | 3 656 | |
| Advertensies | 1 900 | |
| Salarisse | 170 000 | |
| Telefoon | 3 995 | |
| Water en elektrisiteit | 3 385 | |
| Versekering | 5 300 | |
| Skryfbehoeftes | 2 450 | |
| Oninbare skuld | 3 744 | |
| Rente op verbandlening | 8 100 | |
| Rente op lopende rekening | | 889 |
| Rente ontvang | | 1 155 |
| Oninbare skulde ingevorder | | 1 440 |
| | 927 520 | 927 520 |

B **Aansuiwerings en bykomende inligting:**

1. Die onderneming het reeds die huur vir Maart 2017 ontvang.

2. Die telefoonrekening, R135, is ontvang maar nog nie betaal nie.

3. ŉ Debiteur, Z Cohen, het voorraad met ŉ verkoopprys van R965 (kosprys R580) teruggestuur maar die transaksie is nog nie aangeteken nie.

4. Versekering sluit ŉ jaarlikse premie van R3 000, wat op 1 Julie 2016 betaal is, in.

5. Rente op die vaste deposito is steeds ontvangbaar.

6. Waardevermindering vir die jaar is as volg:

   - Voertuie teen 20% per jaar volgens die verminderde saldo-metode.
   - ŉ Voertuie met ŉ kosprys van R40 000 is op 1 September 2016 aangekoop en die transaksie is aangeteken.
   - Toerusting teen 10% per jaar op kosprys.
   - Die eienaar het op 1 Maart 2016 toerusting ter waarde van R14 000 as kapitaal bygedra. Dit was die enigste bykomende kapitaalbydrae maar die transaksie is nog nie aangeteken nie.

7. Die voorraadopname op 28 Februarie 2017 toon die volgende voorraad voorhande:
   - Handelsvoorraad, R29 620
   - Skryfbehoeftes, R120

65

## VRAAG 4: AARP-BEGINSELS EN INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE
**(40 punte; 20 minute)**

### 4.1 AARP-BEGINSELS

Kies die AARP-beginsel uit die lys voorsien wat die beste pas by die onderstaande stellings.

| |
|---|
| **Historiese koste; Omsigtigheid; Wesenlikheid; Besigheidsentiteit; Lopende saak; Paring** |

4.1.1 Die finansiële state moet inkomste en uitgawes volgens die mees konserwatiewe of pessimistiese wyse toon.

4.1.2 Inkomste verdien en uitgawes aangegaan moet in die finansiële jaar waarop dit betrekking het, getoon word.

4.1.3 Vaste bates behoort aangeteken te word teen die prys waarvoor dit oorspronklik aangekoop is en nie enige verwagte toekomstige waarde nie.

4.1.4 Finansiële state word opgestel in die veronderstelling dat die onderneming in die toekoms sal voortbestaan.

4.1.5 Belangrike inligting moet apart aangetoon word, terwyl minder belangrike transaksies as diverse items saamgevoeg kan word. (5)

### 4.2 INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Langa Handelaars op 28 Februarie 2017, die laaste dag van die rekeningkundige periode.

**GEVRA:**

4.2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2017:
**(ROND ALLE BEREKENINGE AF TOT EEN DESIMALE PLEK.)**

(a) Bedryfskapitaalverhouding (3)

(b) Vuurproefverhouding (4)

(c) Netto-wins as persentasie van verkope (3)

4.2.2
- Lewer kommentaar oor die opbrengs op eienaarsbelang.
- Voorsien ʼn berekening om jou antwoord te ondersteun. (Gebruik gemiddelde eienaarsbelang.) (8)

4.2.3
- Solvabiliteit-verhouding
- Is Langa Handelaars in ʼn posisie om nog ʼn langtermynlening te bekom? Motiveer jou antwoord. (11)

4.2.4
- Winsopslag-persentasie
- Gee TWEE redes waarom die teiken nie bereik is nie. (6)

**INLIGTING:**

A

| | |
|---|---|
| Beleggings | 50 000 |
| Vaste (tasbare) bates teen kosprys | 360 900 |
| Opgehoopte waardevermindering | 65 900 |
| Bedryfsbates (voorraad ingesluit) | 104 000 |
| Bedryfslaste | 35 000 |
| Verbandlening | 85 000 |
| Voorraad | 42 000 |
| Eienaarsbelang (28 Februarie 2017) | 279 000 |
| Eienaarsbelang (29 Februarie 2016) | 321 000 |
| Verkope | 177 000 |
| Koste van verkope | 112 000 |
| Netto wins | 55 000 |
| Winsopslag persentasie (teiken) | 60% |
| Rente op alternatiewe beleggings | 8,5% |

**40**

## VRAAG 5: BTW, INTERNE BEHEER EN SALARISJOERNAAL

**(30 punte; 15 minute)**

5.1 **BTW**

Kies die regte antwoord uit die alternatiewe voorsien. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer neer.

5.1.1 Belasting (ontduiking / vermyding) is ʼn kriminele oortreding.

5.1.2 BTW is betaalbaar aan die (SA Reserwe Bank / SA Inkomstediens).

5.1.3 Die BTW betaal deur ʼn BTW-geregistreerde handelaar op aankope van ʼn ander BTW geregistreerde handelaar is (inset / uitset) BTW.

5.1.4 Die huidige BTW-standaardkoers in Suid-Afrika is (14% / 15%).

5.1.5 Petrol en diesel is voorbeelde van (vrygestelde / nul-koers) items. (5)

Kopiereg voorbehou 

5.2 **SALARISSE**

Die onderstaande inligting is deur die Menslike Hulpbron-afdeling van Jakaranda Handelaars vir Oktober 2017 voorsien.

**GEVRA:**

5.2.1 Noem TWEE maniere hoe die werkgewer die produktiwiteit van sy werknemers kan verbeter. (4)

5.2.2 Stel die Salarisjoernaal vir Oktober 2017 op.
**(ROND ALLE BEDRAE AF TOT DIE NAASTE R1)** (21)

**INLIGTING:**

A

| WERKNEMERS | BRUTO SALARIS | | HUWELIK STATUS |
|---|---|---|---|
| | JAARLIKS | MAANDELIKS | |
| G Zikwe | 164 400 | 13 700 | Getroud |
| T Titus | 214 800 | 17 900 | Ongetroud |
| C Cartoon | 154 800 | 12 900 | Getroud |

B Die volgende aftrekkings moet in berekening gebring word:

- WVF: 1% van bruto maandelikse salaris
- Mediese fonds: Getroude werknemers dra R1 000 per maand by en ongetroude werknemers R800 per maand
- Pensioenfonds: 6% van bruto maandelikse salaris
- LBS: Gebruik ingeslote tabel:
  **(TOON BEREKENINGE OM DEELPUNTE TE VERDIEN.)**

BELASTINGKOERSE VIR INDIVIDUE
2018-belastingjaar (1 Maart 2017–28 Februarie 2018)

| BELASBARE INKOMSTE (R) | BELASTINGKOERS (R) |
|---|---|
| 0–189 880 | 18% van belasbare inkomste |
| 189 881–296 540 | 34 178 + 26% van belasbare inkomste bo 189 880 |
| 296 541–410 460 | 61 910 + 31% van belasbare inkomste bo 296 540 |
| 410 461–555 600 | 97 225 + 36% van belasbare inkomste bo 410 460 |
| 555 601–708 310 | 149 475 + 39% van belasbare inkomste bo 555 600 |
| 708 311–1 500 000 | 209 032 + 41% van belasbare inkomste bo 708 310 |
| 1 500 001 en meer | 533 625 + 45% van belasbare inkomste bo 1 500 000 |

C Werkgewerbydraes:

- WVF: 1% van bruto maandelikse salaris
- Pensioenfonds: R2 vir elke R1 deur werknemer bygedra

**30**

**VRAAG 6: KOSTEREKENINGKUNDE EN BEGROTINGS** **(55 punte; 35 minute)**

6.1 **KOSTEREKENINGKUNDE**

6.1.1 Kies die regte term in die hakie. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

(a) Advertensies is ŉ (administrasie / verkoop- en verspreidings-koste.)

(b) Die salaris van die fabriekskoonmaker is (direkte / indirekte) arbeidskoste.

(c) Huur van ŉ gebou word as ŉ (vaste / veranderlike) koste beskou. (6)

6.1.2 Mandy Leeto verkoop hamburgers by die skool se snoepwinkel.

**GEVRA:**

A Bereken die volgende:

- Direkte arbeidskoste (3)
- Direkte grondstofkoste (4)
- Bokoste (4)
- Totale produksiekoste (1)
- Produksiekoste per eenheid (2)
- Verkoopprys per eenheid as ŉ winsopslag van 66⅔% gebruik word (3)

B Noem TWEE dinge wat Mary kan doen om haar kostes te verminder. (4)

C Adviseer Mandy rakende DRIE bemarkingstrategieë wat sy by die skool kan implementeer om haar verkope te verbeter. (6)

**INLIGTING:**

A Bestanddele:

| | |
|---|---|
| 30 pakke patties (10 per pak) | 2 100 |
| 25 dosyn hamburger broodjies @ R8 / dosyn | ? |
| Botter | 40 |
| Blaarslaai, tamatie, sous | 110 |

B Botter, blaarslaai, tamatie en sous word as indirekte koste beskou

C Mandy verkoop al die hamburgers

D Ander uitgawes:

- Mandy betaal huur van R100 per dag vir die gebruik van die kombuis.
- Jenny, Mandy se niggie, berei die hamburgers voor en word 50c per hamburger wat gemaak en verkoop word, betaal.

Kopiereg voorbehou 

6.2 **BEGROTINGS**

Die netbalspanne van Hoërskool Khoza beplan ŉ toer na Mthatha.

**GEVRA:**

6.2.1 Bereken die totale koste van die toer vir die spelers. (18)

6.2.2 Die span het finansiële probleme – sommige spelers kan nie die bedrag betaalbaar bekostig nie. Maak TWEE voorstelle om dié probleem op te los. (4)

**INLIGTING:**

A Daar is 14 spelers, 2 reserwes en 2 afrigters. Die spelers moet die koste van die twee afrigters dra.

B Die skool het ŉ borgskap vir R8 456 van Unreal Sports bekom.

C ŉ R5 000-donasie is van die 2007 eerstespan netbalkaptein ontvang.

D Ander uitgawes:

- Vervoer: Minibus R3 000 plus R2 / km. Retoerafstand na en van Mthatha is 850 km
- Akkommodasie: Die groep sal vir vier nagte in drie kamers geakkommodeer word teen ŉ koste van R1 120 per kamer per dag.
- Etes en verversings: R300 per persoon vir die duur van die toer
- Uitrusting: R6 880 vir die spelers en R400 vir die afrigters

**55**

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou